

Christendom & Heidendom

Waar staan ons as die uitverkore teenoor Christendom en Heidendom

Kom ons begin by satan wat die bron is van verwarring. In Eseg. 28 lees ons hoe mooi, pragtig en sterk Lusifer was en dit word bevestig in Jes.14. Hy was nie tevrede wat hy ontvang het by YHUH nie, want 'almag' was nie aan hom toegeken nie. Dus was hy onder heerskappy (soos YAHUSHA was, want in Luk 7:8 staan: *Want ek is ook 'n man wat aan gesag onderworpe is, {sê die hoofman}*) Luk 7:9 *Toe Jesus YAHUSHA dit hoor, was Hy oor hom verwonderd.* YAHUSHA het toe nie gesê dat hy verkeerd praat nie, maar bevestig deur om die dienskneg gesond te maak) waarvan hy nie gehou het nie. Met allerhande slinkse planne het hy gepoog om dit wel in die hande te kry.

Nou hier begin Lusifer as satan net nadat hy uit die tuin van Eden gewerp was. Ons lees in Genesis ses wat voor en na die vloed sou gebeur ni:
Gen 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, :2 sien die seuns van Gød ons Skepper dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het (Hier kom 200 boodskappers van YHUH, wat die mens moes bystaan en opgepas het, en doen een van die onvergeeflike oortredinge om te verbaster! Die boodskappers het 'n ooreenkoms gemaak in die jare 630/650 na die skepping in Jered se lewe waarvan Jered die 5 de geslag was van af Adam. Die ooreenkoms plek was op die berg Hermon en hier is die name van hulle leiers: Sêmfazâz, hulle leier, Arâkiba, Râmêel, Kôkabiël, Barâqjâl, Rafael, Armânêl, Zaqîel, Samsâpêel, Satarêl, Tûrêl, Jômjâel, Sariel). :4 *In dié dae* (die jaar 622 na Jered tot 1656 met die vloed) *was die reuse op die aarde, en ook daarna, (na die vloed was daar ook reuse Num.13:33) toe die seuns van Gød ons Skepper by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.* (en YHUH sê in Gen.3:15: Ek stel vyandskap in tussen jou saad 'satan' en die vrou sin die 'Adamiete'. Dus indien daar weer vleeslike gemeenskap sal wees tussen hulle sal dit misvormd, anders as die mens of dit wat gebore word meer boodskapper gene in sal hê). :5 *Toe die HERE YHUH sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, :6 het dit die HERE YHUH berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.* (YHUH sien toe dat die boodskappers behoorlik met Sy skepping gemors het. Hy sien perdmense 'majstro', reuse 'nephilim', kannibale ja verbastering het nie net tussen mens en dier gewoed nie, maar tussen boom en plant, m.a.w alles wat lewe in gehad het). :7 *En die HERE YHUH sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelf, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.:11 Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van Gød Skepper, en die aarde was vol geweld.*

Meer as 'n 1000 jaar het die bose boodskappers gedoen wat verkeerd en teen YHUH se wil was.

Luister nou mooi na my uitklaring oor die tydperk. Die dag toe hulle die Wet van YHUH oortree het, het hulle nie geweet wat vir hulle voorlê nie. Toe hulle ingegaan het by die vroue was hulle nageslag nie wat hulle verwag het nie, want dit was nuttelose miskrame en verwerplike goed wat geneen aan wou raak nie. Tyd was aan hulle kant want daar was 1000 jaar om te krap aan die mens se biologie. Met die krag en geweldige slimheid aan die boodskappers kant het hulle gou aan die "DNS" deoksiribonukleiensuur (die nukleiensuur wat die suiker deoksiribose bevat, wat die stof vorm waaruit chromosome en gene bestaan, Engels DNA) gekrap. Uit hulle wetsoortredings om te krap aan die skepping het hulle dit reggekry om wesens na vore te bring uit die vroue van die mens. Eerstens misvorming en later gevormde reusagtige diktators wat later van jare bekend sou word as die Tritons en baie ander name tot hulle 'verleidelike god' se bekentenis.

Baie begin verduidelik vanaf Nimrod die kamma seun van Kus(wat eintlik die hoer kind is van Semiramis)oor die godheid van 'kersvader' byvoorbeeld, maar waar sy ontstaan eintlik deur die boodskappers gekom het meer as 'n 1000 jaar voor Nimrod.

Nou waar ons regtig moet begin sal ons nooit weet nie, want al wat ons het is uitgekapte klip in skrif en in beelde. Kom ons kyk eerste waar die berg 'Hermon' is want dit is waar die boodskappers die eet geneem het om vir hulle vroue uit die Adamiete te neem. Met die soektog na die berg sal jy agterkom dat jy nie werklik die berg sal kry nie, want die wêreld wat ons vandag ken is oorvloed in Noag se tyd. Ons kan net bespiegel waar dit kon wees. Die eerste berg sal jy vind in Israel, maar soos dit gewoonlik gaan sal die wat daar woon die berg aan hulle wil toe-eien. Die tweede berg is meer oos na Afganistan. Ek verkies die derde plek waar Afganistan grens aan China. Daar grens inderwaarheid 5 lande op die berg wat vir my 'n strategiese plek op aarde is om die wêreld te kan verwar.

Toe Kain oortree het was hy na die ooste waar die geel volke woon en waarvan hulle hul eie god gehad het. Kom ons vat die huidige bewoners: Suid van die berg lê Indië met hulle eie gode, Noord lê Rusland en Wes lê Israel met Egipte. Ons weet daar was 'n vloed wat die aarde se bewoners gedood het, maar dat YHUH wel in die ark van Noag sy skepping gered het. As ons na die ontdekking van die ark bekyk sal ons sien dat die ark gestabiliseer (vasgehou) was deur geweldige groot klippe. Die stabiliseerders het diep onder die ark gehang soos ankers van normale skepe. Dus indien die ark verskuif het van sy beginpunt het hy nie ver weg gedrywe nie. Toe die ark van Noag op berg Ararat tot stilstand gekom het, het die wat daar ingeklim het weer uitgeklim nie waar nie. YHUH het nie weer geskape na die 6 dae skepping nie, dus het YHUH nie weer geskep na die vloed nie, maar wel opdrag gegee dat dit wat Hy geskep het moet gaan vermeerder.

Die wat daarin geklim het was slegs 'n jaar weg van hul vorige bestaan op aarde. Toe hulle daar uitklim het hulle nog steeds gedink aan hul heersers en gode wat hulle gehad het. Baie dink dat dit net Noag en sy mense (net agt) was wat uit die arg geklim het. Dan kan ek hulle vra waar kom die ander bloedlyne vandaan op aarde? Gen.1:27 staan duidelik dat YHUH 'hulle' geskape het "man en vrou". Die mens Adam is eers in Gen.2 op die 7 de dag geskape Gen.2:2. Duidelik kan jy sien dat daar Chinese, Indiërs; Portugese en Adamiëte daaruit moes klim (die vier bloedlyn wat uit die tuin van Eden gevloei het).

Nou voor die vloed was die ander bloedlyne getrou en onderdanig aan hulle god en satan het geweet dat hy hulle so gou as moontlik weer onder daardie gewoonte moes inkry. Soos ons weet was Nimrod gou op die godheid troon waarvan die wêreld van daardie tyd hom aanbid het. YHUH het satan poot raakgesien en besluit om gou in te tree voordat dit te laat is, Gen.11:7. YHUH verwar die mense wat Nimrod as god eerbiedig deur om elke verskillende bloedlyn (biologies) 'n ander taal te gee. Kom ons sê bv. die Chinese, Indiërs, en Portugese het 'n ander taal begin praat wat ons vandag ken. Onmiddellik het elke volksgroep sy goed gevat en getrek. Soos ek dit bo uitgewys het, het die Chinese oos getrek die Indiërs suid ens. Met die nuwe taal wat onbekend was vir die ander volksgroep het hulle nog steeds die godheid aanbidding in gedagte. Onmiddellik verander die naam van die god, maar tog is dit dieselfde god wat die andere aanbid. Kyk maar gerus rond oor die wêreld en jy sal die stereotiep sien in die gode aanbidding. Kom ons vat Nimrod wat oor die wêreld aanbid word in ander name.

Onder die Grieke:

Ares; Bacchus/Dionysus; Eros; Hephaestus; Hermes; Pluto; Hades; Poseidon; Zeus; Kronos; Abir; Shamash.

Onder die Babiloniërs:

Mars; Cupid; Vulcan; Mercury; Pluto; Neptune; saturn; jupiter; Lupercus; Marduk; Nebo; Cronus.

Onder die Anglo Saksers:

Odin; Wodan; Osiris; Tammuz; El-bar; Molech; Baal/Bel; Atlas; St. Valentine; Dagon.

Of ons kan sê Babilon is Nimrod; Egipte is Osiris; Grieke is Adonis; Kanaän is Moleg; ens, ens.

Soos bo gesien kan word inkarneer hulle god telkemaal in 'n ander naam. Duidelik word dit regoor die wêreld bewys in beelde en uitgekapte klip. Dus sit die hele aarde met die selfde god (santa=satan) en gode en dit sluit die Christendom in.

Net 'n vinnige kyk na die Christelike aanbidding punte.

Die 3 eenheid. Die drie eenheid het sy ontstaan gekry by satan wat regoor wêreld te vinde is. Hetsy in China, Indië of in Egipte spog hulle met hulle 3 kop god wat oor die 2000 jaar ouer is as die Christen sin.

Die moeder en kind. Die moeder is Semiramis(Nimrod en ma en vrou)en die kind is Tammus die hoerkind van haar hoerery. Baie dink dat dit Nimrod se seun was, maar dink net gou, indien dit sy kind was hoekom noem hulle hom die eenvoudige of sieklike een? Nimrod wat tog die vreesaanjaende.

Kersfees en Paasfees. Soos ons bo kan sien draai alles wat die Christen aanbid rondom 'Nimrod' hulle koning Es.8:14.

Wat ek probeer deurgee is dat Christendom 'n Heidendom geloof is. Hulle doen al die rituele van die gode van die heidene. Met die intrapslag in hulle kerke sien jy al die heidendom geloof afbeeldings. Die biddende hande van die Hindoes(wat 'n vrou se skaamdele voorstel); Die I.H.S. wat Isis, Horus en Set beteken; Die J-sus standbeeld en tekeninge wat 'n ovaal sonne beeld aan die agterkant het, is Tammus wat gebore word(vroue skaamdeel); Die vrou en kind wat Semiramis en Tammus is; Die swart mantel wat die predikers dra wat aan Baal priesters behoort; Die J-sus naam wat kom van Zeus die son god; Die duif wat Semiramis(heilige gees)symboliseer; Die vis wat die god Dagon is; Die houtkruis wat dood en Tammus voorstel; Die kers of vlam van Molog. Al die simbole is die manifestering van hulle god.

So ja die wat die Christendom onder dieselfde kam skeer as die heidendom is reg. In die Skrif staan: *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.Matt.24:37* Die boodskappers(gevalle engele)van YHUUH het in die begin aan die mens gekrap om vir hulle 'n nakomeling daar te stel en dit is verspoel en tog in klip vasgevang. Nou in die laaste dae op aarde doen die demone(Aliens/ vreemde wesens)dieselfde as hul voorvaders. Hulle gekrap aan die mens gaan die een laat opstaan wat hulle geskep het in die plek van dié Seun van ons VADER "YAHUSHA"

Net vir die interessante gaan ek 'n gedeelte uit die Skrif uithaal om te wys waarmee satan en sy demone al vir eeue mee besig is: *Rug. 1:5 En hulle het Adóni-Besek aangetref in Besek en teen hom geveg, en die Kanaäniete en Feresiete verslaan. :6 En toe Adóni-Besek wegvlug, het hulle hom agterna gejaag en hom gevang en sy duime en sy groottone afgekap. :7 Daarop sê Adóni-Besek: Sewentig konings met afgekapte duime en groottone het onder my tafel krummels opgetel: soos ek gedoen het, so het Gød Skepper my vergeld.* Adonai behoort aan YHUUH om Hom in een aan te spreek, maar Adon of Adóni beteken heer en meester. Bezek beteken rondgooi, strooi of blitsvinnig. Adóni-Besek was 'n verskriklike koning wat die wreedste dinge aangepak het om satisfaksie. Luister wat hy erken nadat hy gevang en duim en groottoon loos was: "so het die Skepper my vergeld". Adóni-Besek was 'n kind van die gevalle boodskappers. Hy was 100% teen YHUUH se skepping.

Adóni-Besek se mikpunt was om soveel as moontlik van YHUH se skepping te verkleineer en op te mors.

Ons moet onthou dat die gevalle boodskappers(engele)net 'n 1000 jaar op aarde geleef het saam met die mens tot en met YHUH hulle gebind het in die dieptes van die aarde. *Judas. 1:4 Want sekere mense het ingesluit wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose bese mense wat die genade-guns van onse God VADER verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God Skepper, en onse Here Jesus Christus Meester YAHUSHA dié Gesalfde verloën. 1:5 Maar ek wil julle daaraan herinner, al weet julle dit nou eenmaal, dat die Here YHUH, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het. 1:6 En die engele boodskappers wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; 1:7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan. 1:8 Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike lofwaardige wesens. 1:9 Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here YHUH bestraf jou! 1:10 Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur gaan hulle te gronde. 1:11 Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Bileam gestort en in die verset van Korag omgekom. 1:12 Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam fees hou en hulleself voer, waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, twee maal gestorwe, onworteld; 1:13 woeste golwe van die see wat hulle eie skandes laat opskuim, dwaalsterre(boodskappers)vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. 1:14 En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer*

Ek sluit om uit te wys waaraan ons uitgeken word as die uitverkore.

- 1)Ons behoort aan geen geloof of denominasie nie.
- 2)Dat die uitverkore slegs die nageslag is van Jakob in die 12(seuns)stamme m.a.w. blankes of hier in Suid Afrika bekend as die "Boere volk van YHUH".
- 3)Dat daar 'n VADER is, en dat HY vir HOM 'n Seun gegeneer het, en dat SY Boodskapper Seun Heerser is oor al die boodskappers in die heeal.
- 4)Dat VADER se Seun YHUH is wat gekom het as SHA, en weer gaan kom as ons Koning.
- 5)Ons hou die "Vrydag Saterdag" Sabbat.
- 6)Ons dra 'n baard.
- 7)Ons lees die 1953/33 Skrif